Gereformeerde Kerk Benoni

Polsslag

28 Julie 2019

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE

09:00 OGGENDDIENS

Dr. Braam Krüger

Skrifgedeeltes: *Seleksies uit* ***Ester***
Fokusvers: *Ester 4:14B*
Tema: *Sien jy God nog raak?*

17:00 5-UUR DIENS

Dr. Braam Krüger

Skrifgedeelte: *Seleksies uit* ***Job***
Fokusvers: *Job 42:7 - 8*
Tema: *Is God regverdig?*

18:30 AANDDIENS

Ds. Louis Buys

Skrifgedeelte: *Psalm 124*
Fokusverse: *Psalm 124: 6*
Tema: *Dankie Vader …. Tot hiertoe!*

VERLOF:

Ds. Rynhardt Pretorius sal met verlof wees vanaf 29 Julie tot 5 Augustus 2019.

ATTESTATE ONTVANG:

- Vanaf NGK Jubilate, Susan en Neels van Schalkwyk

Hartlik welkom!

OUDERLING DIENSBEURTE	
Vandag	Ronel Ritchie
Volgende week	Pieter Venter

KOINONIA

Ons dra die volgende lidmate op in gebed:

- Hendrien van Staden gaan DV Woensdag 31 Julie vir 'n rugoperasie by die Unitas hospitaal in Pretoria.
- Gert Moller gaan in die week Kaap toe vir dimensionele sonars van sy hart. Hy word DV 15 Augustus geopereer om twee hartkleppe te laat vervang.
- Lidmate wat kankerbehandeling ontvang: Hanlie Buys en Hermien Venter.

Gedeelde vreugde is dubbele vreugde; Gedeelde hartseer is halwe hartseer.
Deel met ons jou vreugdes, hartseer en pyn. Ons wil graag vir jou bid!
Stuur gerus 'n boodskap aan polsslag@gkbenoni.co.za of stuur 'n boodskap na 081 218 3048

14 & 21 Aug. TOERUSTING-GELEENTHEID

HOE HANTEER MENS LYDING?

Dr. Vorster Combrink (Pastorale berader) kom toerusting by ons aanbied oor die sin van lyding en hoe om dit saam met God te hanteer.
Almal wat swaarkry, of familie en/of vriende het wat deur moeilike tye gaan, word genooi om hierdie geleentheid by te woon.
Wanneer: 14 & 21 Augustus 2019
Tyd: 19:00 - 21:00
Koste: R100 p/p vir albei geleenthede

RSVP asb. by Ina Bolt op 084 339 1136 voor 10 Augustus 2019.

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS BY DIE EREDIENS. KOM GENIET GERUS 'N KOPPIE TEE / KOFFIE IN DIE SAAL SAAM MET ONS NA DIE DIENS.

Dit is darem ongelooflik hoe die tyd vlieg! Dit is vir my heerlik om terug te kyk na die afgelope jare, en te kan getuig van die Here se seën oor ons gemeente. Dit was inderdaad vir my en my gesin wonderlike en vreugdevolle jare!

Hierdie *memoir* gaan egter nie oor myself nie, maar Benoni 2009, die gemeente wat vanjaar al 10 jaar bestaan! Ek is in 2001 beroep na die (ou) GK Benoni in Farrarmere. Daar is aan my meegedeel dat daar 'n opdrag van die kerkraad was dat die nuwe dominee in gesprek moet tree met die twee ander Gereformeerde Kerke in Benoni oor moontlike samewerking of eenwording. Dié besluit was deel van samesprekinge tussen die drie gemeentes voordat Benoni besluit het om te beroep.

Hierdie gesprekke het aanvanklik gesukkel om aan die gang te kom. Nadat dr. Sarel van der Walt egter predikant geword het van die GK Benoni-Noord het die samesprekinge met Benoni-Noord begin vorder. Beide die gemeentes was goed op dreef. Beide was lewende, ernstige reformerende kerke, beide ernstig oor vernuwing en kerkwees in die 21e eeu. Die twee gemeentes was saamgebind deur die Gees en was grootliks een in gees. Beide was finansieel kerngesond. Daar was soveel oorvleuelende bedrywighede, wat manne- en vrouekrag onnodiglik verdeel het. Katkisasie, betrokkenheid by Actonville en Daveyton, sustersaksies, jeugbediening, kerkraadswerk, Bybelverspreiding, uitreike, ens. Dit was ook 'n tyd waarin die ouer, strak verdeling in gemeentegrense begin vervaag het.

Die aangewese kommissies het begin om die nodige navorsing te doen en voorstelle na die gemeentes toe begin bring. **Samewerking** het begin plaasvind in gesamentlike eredienste oor langnaweke en skoolvakansies en feesdae. Gesamentlike jeugfunksies en katkisasieaksies. Op grond van hierdie geslaagde samewerking is uiteindelik, na baie konsultasies en nadenke en gebede besluit om aan te beveel dat die twee gemeentes een word. Ongelukkig was daar uit beide gemeentes sommige lidmate wat nie gedink het dit is 'n goeie idee nie, maar gelukkig en genadiglik het nie te veel mense nie kans gesien om deel te wees van die nuwe gemeente nie.

Uiteindelik was die eenwording tog ietwat van 'n skok vir almal wat deel was van die ou gemeentes! Die een saak het gegaan oor **geboue**. Mens verstaan dat daar baie krag, energie en opoffering ingegaan het in die oprig van die Farrarmere-gebou. En dit moes afgestaan word. Die verkoopprys moes help betaal vir 'n vergroting en verbetering van die Rynfield-gebou. Daar is met hartseer afskeid geneem van die gebou op die hoek van Geneviève - en Daffodillstr. Maar eintlik was die geboue net 'n uiterlike sigbare simbool van die nuwe dinamika! Baie van ons het so half verwag dat alles maar dieselfde sal bly as wat ons aan gewoond was. Net meer mense in een gebou. Maar dit is nie realisties nie! Die nuwe gemeente het sy **eie dinamiek, aard en karakter** begin vorm! Sommer gou ook! Ons moet erken dat ons hard moes werk om aan te pas! Deel van die veranderinge was geleë in 'n nuwe **gemeentevisie en -missie** wat geformuleer is, asook 'n nuwe **bedieningstruktuur** in die gemeente. Die gemeente is ingedeel in blokke, diensbene en wyke, met ouderlinge en diakens by al die blokke, wyke en diensgroepe aan die stuur. Daar word (steeds) hard gewerk om die gemeente die lidmate se gemeente te maak, nie 'n dominees-kerk nie! Daar is ook begin om die gemeente te omvorm tot 'n **kleingroepgebaseerde** gemeente. Ons wil graag en sover moontlik hê dat lidmate in die week saamkom in 'n kleiner groep, die wyk. Hier word uitvoer gegee aan die pilare van ons gemeentewees, nl. Geloofsgroei, Koinonia, Dienslewering en Evangelisering, sodat ons almal God kan verheerlik. Ons dank die Here dat ons 10 jaar later kan terugkyk en sien dat Hy die eenwording te weeg gebring het en laat werk het! Die nuwe gemeente is inderdaad dinamies, gevestig in ons omgewing en steeds besig om te groei, nie net in getalle nie, maar ook en veral in diepte. Dit word sigbaar in **dissipelskap** by lidmate wat van binne vernuwe word om al meer te volg in die voetspore van Jesus, en in die gehoorsaamheid aan die Here in ons eie lewens sowel as die gesamentlike visie van die gemeente. Daar is 'n ongekende hoeveelheid lidmate betrokke by wyksbyeenkomste en diensgroepe. Dinge beweeg en dinge gebeur! Dit is 'n voorreg om een van die predikante van hierdie dinamiese gemeente te mag wees!

Ons dank die Here vir die genade waarin ons die afgelope tien jaar in toegevou is! Dit is my gebed dat ons steeds sal bly groei in tye wat verander, tye wat nie meer so maklik is vir die kerk van die Here in die wêreld nie! Sodat ons God inderdaad sal verheerlik deur voortdurende metamorfose!

~ Braam Krüger

Ek is nou maar `n paar maande by Gereformeerde Kerk Benoni en ek kan alreeds so baie dinge sê, maar ek sal dit kort hou. Dag 1 wat ons hier ingestap het is ons hartlik ontvang en was daar iets van `n onmiddellike gemak in die gemeente. Hierdie is `n baie ontvanklike groep kinders van die Here wat `n baie mooi geloofs-gesin vorm, `n mens intrek en laat deel voel.

Dit is vir ons baie lekker in die gemeente en ons is een met die bedienings gerigtheid in die gemeente. Die gemeente het na my mening al baie ver gekom in die sin van groei want hier het ons `n eietydse Bybelse kerk wat soek vir die Here se eer in alles en daarop gerig is om elke persoon binne hulle ouderdomsgroep en omstandighede te bedien.

Ons is baie opgewonde om saam met elkeen in die gemeente te werk en te groei as dissipels wat dissipels maak. Ons weet daar le harde werk vir ons voor en ons vertrou die Here in elke tree vorentoe. **~Rynhardt Pretorius.**

Datums & geleenthede om te onthou!

OP DIE PROGRAM VIR HIERDIE WEEK 14 - 21 JULIE 2019

DAG	TYD	GELEENTHEID	KONTAKPERSOON
Vandag	09:00 17:00 18:30	Oggenddiens & Katkisasie gr 1-7 5-uur Diens & Katkisasie gr 8-10 Aanddiens	
Maandag	09:30	Rynpark 5 Bybelstudie	Adri Goede 083 654 4821
Dinsdag	08:30	Koördineringsvergadering	Ronel Ritchie 081 218 3048
Donderdag	18:30	Wyk F1 Bybelstudie vir jong werkendes/studente	
Vrydag	06:00 09:00	Manne gebedsgroep Bybelstudie	Schalk van Eeden 082 561 9409 Braam Krüger 082 459 5636
Sondag 4 Augustus	09:00 17:00 18:30	Oggenddiens & katkisasie gr 1-7 5-uur diens & katkisasie gr 8-11 Aanddiens	

SOEK DIE BYBELVERS

Verlede week se antwoord:

" Henog se ouderdom was dus 365 jaar. Hy het naby God geleef en toe was hy nie meer daar nie, want God hom na Hom toe weggeneem".

Die volgende Bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur:

Chrissie Pretorius; Una Steyn; Martie Gibson; Evert Bolt; Elma Jansen; Klein de Kock

Vraag vir hierdie week:

" By die wisseling van die jaar was Hanna swanger. Sy het 'n seun in die wêreld gebring en uitgeroep: "" Sy naam is Samuel:

??? ??? ???? ??? ?? ??? ????????? ! "" "

Vraag: Wat beteken die naam Samuel ?

Lees gerus die boek Samuel en noem wat beteken die naam Samuel en noem die vers waar dit staan, en SMS die antwoord met jou Naam en Van na 082 873 3173.

VERJAARSDAE 28 Julie - 3 Augustus

Baie geluk aan almal met hul verjaarsdae vandag en in die komende week!

DATUM	NAAM	KONTAK NO.
28 /07	Patty Muller Chrissie Pretorius Karen Smith	083 383 1226 076 788 3361 072 430 1083
29/07	Linda Bianchina Valda Gouws Xander Markram ☺ Stefan van Wyk	083 200 7227 082 960 9688 083 488 5128
30/07	Menno Bosch Je'an Pierre van Niekerk	083 564 6707 083 417 2512
31/07	Cornelia Bakker Frik Coetzer	083 556 3028 072 527 1703
1/08	Judy Greyling * Karen Kruger	072 826 0060 081 732 4495
2/08	Ivo de Lange Andy Katz ☺ Heinrich Smith ☺	083 630 2141
3/08	Tom Stevens *** Anna van den Berg ** Agnes Snyman Gerbrandt Harmse ☺ Luca Marchand ☺	082 084 3910

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

Liewe mede-gelowiges.
In September gaan ek saam met There4 ministries na die midde Ooste reis. Daar gaan ons vervolgde Christene en vlugtelinge ontmoet, toerus en bemoedig.
Wees asb deel van ons reis deur een of meer van die volgende te doen:
1. BID vir ons groep van 12 vroue wat gaan, en vir ons geliefdes wat nie saamgaan nie.
Ons werk met vroue daar, bid vir elkeen wat ons daar ontmoet, hetsy medewerkers en vlugtelinge.
Bid vir die voorbereiding. Bid vir 'n veilige reis sootoe en terug. Bid vir eensgesindheid in ons groep, daar is n paar wat die eerste keer dit doen. Bid vir wysheid en krag vir 'n vol program oor 10 dae.
2. Skenkings om Bybels aan te koop teen R150 per Bybel deur direk in There4 bedieninge se rekening in te betaal. Bankbesonderhede is:
Begunstigde: There4 Ministries
FNB - Newton Park (261050) | Rekening Nr: 62515023084 | Verwysing: Van/Lig

3.Maak iets om te vat: brei bedsokkies. ons kort nog 150 pare/ maak lap sakkies. Kontak my asb. vir Spesifikasies. (Ons benodig nog 50) / maak 12 spring rekke. Kontak my asb voor jy maak.
Vir meer inligting kontak my gerus.
Dankie
Veronica 0842472321

KERKLIKE TYDSKRIFTE

Intekening op Kerklike Tydskrifte vanaf 1 Julie 201 9 tot 30 Junie 2020

Die Kerkblad – individuele intekening R434.00 – 11 uitgawes [posgeld + BTW ingesluit]

Die Kerkblad – groepsintekening R407.00 – 11 uitgawes [posgeld + BTW ingesluit]

Die Kerkblad – elektroniese intekening R126.00 – 11 uitgawes

Om te bestel kontak: Ina Bolt op 084 339 1136

KOLLEKTES

KOLLEKTES VAN 21 JULIE:

Diens van Barmhartigheid:	R 9965
Thuso fonds:	R 2020
Borg-'n-Bybel houertjies:	R —
Jeugdiens:	R 435

KOLLEKTES VANDAG:
Kollekte in die banke: Diens van Barmhartigheid
Deurkollekte: Debutate - Jeugsorg

Deurkollektes vir 4 Augustus: Teologiese skool Publ.

DISSIPELSKAP 101

Almal is hartlik welkom!
Maandag 5 Aug. begin ons met 'n nuwe toerusingsgeleenthed, wat ons Dissipelskap 101 noem. Hierdie toerusting word **elke Maandag** om 19:00 vir ongeveer 8 weke aangebied, en ons bekyk die heel basiese dinge wat eie is aan Christen-wees. Dit is bedoel vir nuwe Christene, maar ook vir mense wat dalk bietjie hulle basiese kennis oor die Here en sy Woord wil opskerp. Dit is vir persone wat nog belydenis gaan aflê/gedoop moet word, maar ook vir hulle wat reeds belydenis gedoen het. Kontak Braam vir meer inligting, en gee ook jou naam by hom op as jy wil inskakel. Daar is geen koste aan verbonde nie.
0824595636 en braam@gkbenoni.co.za

Ons gemeente is bevoorreg om baie bedienings te behartig. Hierdie werk word gedra deur ons lidmate se vrywillige offergawes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK: ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYSING: Volle Naam, Van & **Doel**

Diens van Barmhartigheid

Debutate - Jeugsorg

PREDIKANTE:
dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
ds. Rynhardt Pretorius
☎ 074 944 7769

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 09:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za

BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za

FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

VRA JOU VRAE:
https://goo.gl/WFtT3F